
















# OP 'N YSTERPERD
## tot in Spanje

BO: Jean by die Jesus-standbeeld in Lubango, Angola. ONDER: Hier is hy in Nigerië. REGS: Die tweestuk het elke dag sowat 500 km gery.



'n Bestaanskrisis in sy middeljare het 'n bedryfsielkundige van Pretoria laat besluit om die taboes van die lewe op 'n langpadavontuur uit te daag

Deur **JACQUES MYBURGH**



VERSKAF



Powered by CamScanner

JY BEREIK die onvermydelike plato waar jy na binne kyk en kwelvrae aan jouself begin stel: Is dít dan nou dit?

Aan die verkeerde kant van 40, miskien eers ná 50, herkou jy aan jou lewe op dié blou ghoen. Het jy bereik wat jy wou? Wat van die drome wat jy nog nastreef? Is daar nog tyd om hulle te verwesenlik?

Die man in die spieël het meer sout as peper in sy baard en sy maag bult oor sy broek.

Dalk is jý een van die talle mans wat so 'n bestaanskrisis in jou middeljare beleef het, en dan die brose ego wou streel met duur speelgoed soos 'n sportmotor of nuwe gholfstel.

Nie Jean Cooper nie. Dié bedryfsielkundige van Pretoria het dinge sommer baie verder gevat. Sowat 18 000 km ver, al die pad van Pretoria tot in Spanje. Op 'n motorfiets saam met 'n makker, om sy innerlike landskap te verken.

"Ek wou dit eintlik nie dadelik aan myself erken nie, want 'n midlife crisis klink soos 'n cliché," sê hy vandag. "Boonop is ek 'n sielkundige – en mense dink mos jy het dinge onder beheer as dit by jou eie lewe kom."

Maar sielkundiges is ook net mens. En saam met die aanvaarding het die plan gekom.

En nou kan jy als lees oor Jean se soeke na homself langs Afrika se grondpaaie in sy nuwe boek, *Waar die teerpad ophou**. Hy deel in dié memoires sy langpadavonture, maar praat ook openlik oor sy brose manlikheid en oor wat regtig saak maak in die tweede helfte van jou lewe.

JEAN, nou 48, se huis in Villieria, Pretoria, spreek van jou tipiese middelklasleefstyl: veilig, gerieflik, alledaags. Maar wanneer hy jou op die onthoupaaie van sy Afrikaswerftog neem, vergeet jy gou van die voorstedelike omgewing.


Dit was 2023 toe hy sy nuutgekoopte Husqvarna-motorfiets opgesaal en saam met sy vriend De Witt Oosthuizen noordwaarts begin ry het. Hulle bestemming? Madrid in Spanje. 'n Tog van drie maande deur 20 lande.

30, kloksgewys van inks heel bo: Jean Cooper het 'n epiese reis deur Afrika aangepak; op die grens van Suid-Afrika en Botswana; Jean en sy boesemvriend De Witt Oosthuizen saam met 'n plaaslike inwoner in die Kongo; die reis was 'n uitmergelende 18 000 km; De Witt en Jean; hulle is oral hartlik ontvang.

Want ja, op 40 het hy begin besef die seisoene van sy lewe staan nie stil nie.

Boonop was sy kinders besig om die nes te verlaat. Francois (21) en Rose (19) is in Berlyn saam met sy vrou, Fransie, wat vir die ambassade daar werk. Hy en sy jongste, Riëtte (17), gaan by hulle aansluit wanneer sy klaar is met skool.

"Ek het toe besluit ek wil van die taboes in my lewe uitdaag. As kind was motorfietse in ons huis taboe. Ek mag nooit een gekry het nie en toe besluit ek om op 40 my eerste motorfiets te koop."



**''N HOOFMAN HET VIR ONS SY HUT AANGEBIED OM IN TE SLAAP'**

Uiterste keuses, erken hy ruiterlik, is natuurlik tipies van 'n middeljarekrisis.

"'n Goeie vriend het aan my gesê – en dit staan ook voor in my boek: 'Four wheels move the body, two wheels move the soul.' Dít het ek beslis ervaar."

Die reis se eintlike doel was om geld in te samel vir watertenks in behoeftige Oos-Vrystaatse gemeenskappe, "maar ek het begin blog tydens ons reise, en ook die tyd gekry om diep te delf en selfondersoek te doen".

Hulle oorspronklike doel het egter nie agterweë gebly nie, want vandag is daar 17 watertenks in die Reitz-kontrei waarvoor hulle betaal het.

Die tog was nie altyd maklik nie. "Dit het ons geduld getoets, maar een ding wat ek wegneem van die reis, is die gulhartigheid van Afrikane," sê Jean.

Ook die innerlike tog was uitdagend. In die boek erken hy hoe moeilik dit vir hom was om sy hart teenoor die wêreld oop te maak, selfs ná duisende kilometers van eerlike introspeksie.

"Maar steeds voel ek skaam om te erken dat ek wel voor 'n krisis staan. Asof ek êrens moes misluk het. Asof midlife crisis benede my behoort te wees," skryf hy. "Die vraag rondom wat dit beteken om 'n man te wees het gereeld by my opgeduik, want só 'n trip deur Afrika is moerse macho."

Hy het baie kere van sy motorfiets afgeval, of ander se hulp benodig om teen bulte uit te kom. Dinge wat maak dat jy jou krag begin bevraagteken.

"Maar ek het oor dié kwessie 'n rustigheid begin kry.

"Jy moet eerlik met jouself kan wees, regop kan staan en die wêreld met jou eie gebreke stip in die oë kan kyk."

Hy't die konsep van "ubuntu" regdeur ons vasteland ervaar. "Mense het vir ons kos en badwater op die vuur gemaak. 'n Hoofman het selfs vir ons sy hut aangebied om in te slaap."

SY GETROUE ysterperd het Jean in Spanje verkoop. Maar tuis kon hy nie sonder sy brullende "spreekkamer" nie en nou's daar 'n nuwe Husqvarna in die motorhuis.

In sy slothoofstuk skryf hy: "En ek weet dat die stof wat die moeilike vrae en gewaarwordinge op die trip in my opgeskop het, mettertyd sal gaan lê. Mag ek dan die moed hê vir my eintlike avontuur: minder fieterjasies en voorgee, groter aanvaarding van myself. As mens. As man. Op mý manier."


Dis dié insigte wat hy met ander in soortgelyke situasies wil deel.

"Ek het lank daaroor gedink om deur Afrika te reis, maar ek het gedink my vrou gaan mos nee sê. Ek het haar outomaties kwalik geneem, want sý perk my mos in. Maar toe ek dit aan haar noem, het sy opgewonde gereageer," sê hy. "Wees dus eerlik met jou mense oor wat jy wil doen, eerder as om hulle te verkwalik omdat jý nie jou drome nastreef nie."

Hy weet nou dit wat vir jou onmoontlik voel, is haalbaar as jy net op die hier en nou fokus.

"Om deur Afrika te ry voel soos 'n onbegonne taak, maar eintlik het ons net vir 'n lang tyd elke dag 500 km gery. Jy eet mos 'n seekoei happie vir happie."

Toe ons groet, deel Jean vir oulaas 'n happie wysheid. "Iemand het eens gesê jy hoef nie te ver te gaan soek vir 'n avontuur nie. Maak net seker die volgende sin wat uit jou mond uit kom is die waarheid – en kyk wat gebeur." ❑




* **WAAR DIE TEERPAD OPHOU** DEUR JEAN COOPER (TAFELBERG UITGEWERS) IS BY DIE MEESTE GOEIE BOEKWINKELS BESKIKBAAR, OF BESTEL DIT TEEN 'N SPESIALE PRYS BY HUISGENOOT BOEKKLUB BY **MEDIA24SHOP.COM/BOEKKLUB** EN ONS LEWER DIT BY JOU AF.



Powered by CamScanner